

## Die versoeking en ongehoorsaamheid (OP126)

Gen 3:1-7

23 April 2023

Oor die afgelope paar weke het ons na Gen 1 en 2 gekyk. Ons het geleer dat God die Skepper is van alle dinge. Ons het geleer dat God doelmatig geskep het. Ons het geleer dat God 'n verbond met die mens, wat juis na God se beeld geskep is, opgerig het. Volgens hierdie verbond het God sekere opdragte aan die mens gegee wat die mens getrou moet uitvoer. As die mens dit sou doen, dan sou God se oorkoepelende doel bereik word. God het geoordeel alles in Sy skepping goed was om hierdie doel te bereik.

Laasweek het ons gesien dat Adam en Eva aan die einde van Gen 2, naak was, maar nie skaam nie. Ons het na die res van die Skrif gaan kyk om daaruit te leer wat die Skrif bedoel met klere en met naaktheid, en het gesien die doel waarheen God op pad is, is om gelowiges aan die bruiłofsmaal van die Lam te laat aansit met helder, fyn, blink linneklere aan. Hierdie klere is die regverdige dade van die gelowiges. Ons het ook gesien dat God hierdie dade aan die gelowiges gee. Dit word veral sigbaar in die kruisgebeure, toe Jesus se onderkleed deur latsbepaling aan een van die soldate gegee is, terwyl Jesus naak aan die kruis gehang het. Jesus het die soldaat se naaktheid op Hom geneem, en Sy volledige onderkleed as geregtigheid aan die soldaat gegee. Ons slotsom was aan die einde van Gen 2 was Adam en Eva naak, aangesien hulle nie gevorder het met hulle dade van geregtigheid in ooreenstemming met God se skeppingsopdragte nie. Dit was veral teleurstellend dat hulle nie eens skaam was hieroor nie. Ons het ook gesien hulle oë het oopgegaan toe hulle geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad, en dat hulle toe wel beseft het hulle is naak, oftewel sonder dade van geregtigheid.

Vandag wil ek in meer detail stilstaan by die gebeure wat aanleiding gegee het tot die feit dat hulle geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad. Ek wil stilstaan by die versoeking deur die duiwel, asook by die ongehoorsaamheid van Adam en Eva. Ons gaan dit onder die volgende punte oordink: (1) Die historisiteit van die gebeure in Gen 3, (2) die versoeking deur die slang, (3) die ongehoorsaamheid van Eva, (4) die ongehoorsaamheid van Adam, en (5) implikasies vir ons.

### Die historisiteit van die gebeure in Gen 3

Soos wat daar baie vrae oor Gen 1 en 2 gevra word, en soos wat daar baie opinies is oor hoe die hoofstukke verstaan moet word, so is dit ook die geval met Gen 3. Een van die vrae wat gevra word is of die gebeure in Gen 3 werklik letterlik gebeur het? Het 'n slang werklik met Eva gepraat? Het hulle werklik hulle naaktheid beseft toe hulle geëet het van 'n boom wat gesonde vrugte gedra het? Het hulle werklik vyeblare aanmekaar gewerk om hulle naaktheid te bedek? Het God werklik die vyeblaarklere vervang met klere van vel? En so kan ons aanhou vrae vra.

Ek stem saam met persone soos CJ Collins as hy in sy kommentaar oor Gen 1-4 hieroor skryf: hy sê soos wat die res van Genesis beskrywing is van geskiedkundige gebeure, so is dit ook waar van Gen 3. Ek wil hierdie siening op twee maniere verdedig:

- Eerstens, want dit is hoe die Nuwe Testament die gebeure interpreteer. Luk 3:23-38 beskryf die geslagsregister van Jesus, en Lukas neem Jesus se geslagsregister terug tot by Adam, die seun van God. Die Nuwe Testament is oortuig dat net soos wat Jesus werklik geleef het, net so het Adam ook werklik geleef. Kom ons lees Rom 5:19 – “Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregtig word”. Of ook 1 Kor 15:22 – “Want

soos almal deur Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word". Die Nuwe Testament redeneer dat deur die oortreding van die een mens, Adam, het almal sonderdaars geword, of het alle mense gesterf. Netso word baie deur die gehoorsaamheid van die een mens, Jesus Christus, geregverdig of lewend gemaak. Weereens, die Nuwe Testament is oortuig dat net soos wat Jesus werklik geleef het, net so het Adam ook werklik geleef.

- Tweedens: Daar word dikwels geredeneer deur mense wat skepties staan teen die Christelike geloof, dat ons tog almal weet slange praat nie en donkies praat ook nie (verwysende na Num 22:28-30 waar Bileam se donkie gepraat het) – volgens hierdie mense is Christene naïef om te glo dit het werklik gebeur. Dink egter oor die volgende: die harde realiteit is dat die heelal bestaan – niemand ontken dit nie. Die algemene konsensus vandag, selfs onder ongelowiges, is dat die heelal 'n begin gehad het. Lang debatte kan gevoer word oor wanneer die aarde ontstaan het – ek wil nie nou stilstaan by die verskillende sienings hieroor nie. Die vraag wat geen ateïs egter kan antwoord nie, is: Hoe is dit moontlik dat alles in die begin ontstaan het, uit niks? Die Christen se antwoord is dat God alles uit niks gemaak het. Dit is en bly die mees logiese antwoord op die vraag – selfs al kan ons nie die detail verduidelik hoe dit vir God moontlik was nie. Dít is meer logies as om te redeneer dit het spontaan gebeur. Nou, as God dit kan doen, as God alles uit niks kan maak, as God slange kan maak, as God mense kan maak wat kan praat, kan God tog sekerlik ook maak dat 'n slang kan praat, al is dit net tydelik, wanneer God wil hê hy moet praat.

Ek sien dus die gebeure in Gen 3 as werklike gebeure.

#### Die versoeking deur die slang

In Gen 3:1 lees ons dat die slang listiger was as al die diere van die veld wat God gemaak het. Uit die redenasie wat ek sopas gegee het, volg dat ons moet verstaan hierdie was werklik 'n slang. Maar soos wat ons in Gen 1 en 2 gesien het dat alhoewel die tuin van Eden 'n werklike tuin was, het dit ook 'n diepere betekenis gehad in die sin dat dit 'n eerste tabernakel was. Soos wat ons gesien het Adam en Eva was fisies naak, het dit 'n diepere betekenis gehad in die sin dat dit gedui het op hulle gebrek aan vordering in regverdige dade. Netso is daar ook diepere betekenis in wie die slang is. Weereens moet ons na die res van die Skrif gaan om te verstaan wie die slang werklik was. Op 12:9 maak dit vir ons duidelik: "Die groot draak, die slang van weleer, wat Duiwel en Satan genoem word, die verleier van die bewoonde wêreld, is toe uitgegooi". Op 20:2 trek dieselfde lyn – die slang van weleer, dus die slang van Gen 3, is die Duiwel en die Satan. Ja, dit was 'n slang wat met Eva gepraat het, maar dit was die duiwel of die satan wat deur die slang met haar gepraat het. En soos ons 'n paar weke gelede gesien het: die duiwel is 'n gevalle engel.

Kom ons dink nou oor hoe die slang, oftewel die duiwel, vir Eva verlei het, of versoek het. Gen 3:1 sê hy het sy listigheid gebruik. Hy het dit dus op 'n skelm manier bewerk. Kom ons dink oor die argument wat die slang met Eva gevoer het:

- Die gesprek begin met die slang wat vir Eva vra: "Is dit werklik so dat God gesê het julle mag nie van enige boom in die tuin eet nie" (Gen 3:1). Onthou wat was die realiteit: Die Here God het allerhande bome in die tuin geplant – 'n genoeë om na te kyk en goed om van te eet (Gen 2:9). Van al die bome mog die mens na hartelus eet – dit was net van die boom van kennis van goed en kwaad wat die mens nie mog eet nie (Gen 2:16-17). Effektief wek die duiwel agterdog deur te suggereer dat die Here God totaal onredelik is – dit sou tog onredelik wees om die mens, wat 'n behoefte het om te eet, in 'n tuin vol bome met heerlike vrugte te plaas, en dan van hulle verwag om van niks te eet nie. Die duiwel oordryf God se verbod om slegs van een boom nie te mag eet nie. In die proses maak die

duiwel ook 'n ander gedagte in Eva wakker: 'n Mens mag maar krities wees teenoor wat die Here God sê. 'n Mens moet maar gaan sit en besin of die Here God nie dalk onredelik is nie. 'n Mens moet sy gesonde verstand gebruik om te bevraagteken wat die Here God sê.

- Ons sal netnou na Eva se antwoord aan die duiwel kyk. Maar as Eva antwoord dat hulle sal sterf as hulle van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet, sê die slang in Gen 3:4 – “Julle sal beslis nie sterf nie”. Waar die duiwel aanvanklik agterdog gewek het of God nie dalk onredelik is nie, is hy nou meer direk en sê God was eenvoudig verkeerd toe Hy gesê het hulle gaan sterf – effektief maak hy God tot leuenaar. In die proses stel hy Eva nou voor 'n keuse: sy sal moet kies wie sy gaan glo. Gaan sy God glo wat gesê het hulle gaan beslis sterf, of gaan sy die duiwel glo wat gesê het hulle gaan beslis nie sterf nie – óf God is reg, óf die duiwel – maar nie albei kan reg wees nie. Dit is ook sinvol om daarop te let dat die duiwel redeneer dat God nie sal oordeel as die mens ongehoorsaam is aan God se opdragte nie – dit is tog wat die duiwel bedoel as hy sê die mens sal nie sterf as hy God se opdrag oortree nie. Natuurlik is die duiwel verkeerd – die Bybel is vol voorbeelde van God se oordeel: dink maar net aan die sondvloed, of die ballingskap, of Jesus se lering oor die komende oordeel waar die skape en die bokke van mekaar geskei gaan word, of die boek Openbaring wat op verskeie maniere die komende finale oordeel beskryf. Ons moet in beginsel baie agterdochtig wees wanneer iemand God se oordeel wegredeneer – dit is wat ongelowiges graag wil hoor, maar dit is nie wat die Here God van die begin af gesê het nie, en ook nie wat Hy telkemale herhaal het nie.
- In Gen 3:5 sê die slang: “Maar God weet dat die dag wanneer julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God, wat goed en kwaad ken.” Die eerste ding wat ons moet raaksien is dat daar 'n mate van waarheid in die duiwel se stelling is – kyk na vers 22 waar God self sê: “Kyk, die mens het soos een van Ons geword deur goed en kwaad te ken”. Kom ons besin weer kortliks oor die boom van kennis van goed en kwaad: Soos wat ek al in die verlede opgemerk het, was die vrugte van die boom nie giftig nie. Eva het daarna gekyk en gesien dit was goed (Gen 3:6). Boonop het hulle nie direk fisies gesterf toe hulle daarvan geëet het nie. Ek vind aanklank by Kidner as hy hieroor skryf en sê hierdie boom (soos ook die boom van die lewe) het nie magiese krag gehad, hulle was eerder sakramenteel. Soos wat ons in die sakramente van die doop en die nagmaal 'n fisiese uitbeelding het van 'n geestelike transaksie wat tussen God en die gelowige plaasgevind het, so was dit ook die geval met die boom van kennis van goed en kwaad. As God die mens verbied om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, word die boom 'n fisiese uitbeelding van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God se opdrag. As die mens gehoorsaam is en nie eet nie, is die boom 'n teken vir die mens wat hom herinner dat God waardig is om te gehoorsaam. As die mens wel ongehoorsaam sou wees en eet, word die boom vir die mens die teken wat hom herinner aan sy eie dwaasheid om God nie te gehoorsaam nie, tesame met al die gevolge wat dit teweeg bring.

God het natuurlik alle kennis, en dus ook die kennis van goed en kwaad: God weet as die mens eet, sal God hom oor sy ongehoorsaamheid straf, en daarom sal die mens sterf. God weet ook as die mens nie eet nie, sal God hom seën weens sy gehoorsaamheid. God het die kennis van goed en kwaad. Maar die mens het nie hierdie kennis gehad tot hiertoe nie. Hulle het nog net God se goedheid ervaar tot hiertoe – hulle het net nog ervaringskennis van God se goedheid gehad. Maar as hulle sou eet, sou God hulle oë oopmaak sodat hulle sal beseftig dat hulle ongehoorsaam was, en dat God hulle gaan oordeel, en dat hulle gaan sterf. As dit gebeur sou hulle ook die kennis van goed en kwaad gehad het. En daarom is dit in 'n sekere sin waar wat die duiwel gesê het. Maar daar is 'n reuse verskil tussen God

se kennis en die mens se kennis van goed en kwaad. Die mens het ervaringskennis van kwaad doen, God het nie. Dit is soos die verskil in kennis van kanker tussen 'n kankerpatiënt en 'n onkoloog. Die pasiënt ervaar die kanker en het ervaringskennis van kanker. Alhoewel die onkoloog meer kennis van die kanker het as die pasiënt, het hy nie ervaringskennis nie. God het alle wysheid, self ook oor die kwaad, al het Hy nie ervaringskennis daarvan nie. Die mens het egter ervaringskennis van die kwaad na hy van die boom geëet het.

Maar kom ons keer terug na die duiwel: die duiwel verkondig 'n halwe waarheid aan Eva. Ja, sy gaan goed en kwaad leer ken, maar nie presies soos God nie. Die slinksheid van die duiwel gaan egter verder: Die wortel wat hy voor Eva hou is dat sy soos God gaan word – sonder om uit te spel dit is maar net in 'n baie beperkte mate waar. Maar in die proses skep die duiwel ook nog die indruk dat God die opdrag om nie van die boom te eet nie, gegee het want God sou kwansuis bedreig voel deur die mens – as die mens van die boom sou eet, gaan die mens soos God word. Die duiwel slaag daarin om God die mens se vyand te maak, en oortuig so die mens om ongehoorsaam te wees.

Kan ek opsom: Die duiwel het vir Eva verlei deur gebruik te maak van suggesties, halwe waarhede en volslae leuens. Hy gebruik dit vandag steeds om mense te verlei. Hy doen dit deur God se karakter aan te val: hy skep die indruk dat God onredelik is, dat God oneerlik is, en dat God bedreig voel deur die mens. Boonop skep die duiwel valse verwagtinge by die mens – dat die mens soos God kan word, en veral ook die verwagting dat God nie gaan oordeel nie.

#### Die ongehoorsaamheid van Eva

Ons weet Eva het geëet van die boom van kennis van goed en kwaad. Die vraag is hoe het Eva die punt bereik om wel te eet, terwyl die opdrag van die Here God ondubbelsinnig duidelik was om nie te eet nie. Kan ek drie aspekte uitwys wat aanleiding gegee het daartoe dat sy geëet het:

- Sy het haar ore uitgeleen aan die duiwel. Ons het gesien hoe listig die duiwel is. Die feit dat sy toegelaat het om betrokke te raak in 'n debat met die duiwel, was die begin van haar ongehoorsaamheid. Dit was toe sy hoor hoe die duiwel die redelikheid van God se opdrag aan hulle bevraagteken, dat sy ook begin het om dit te bevraagteken. Dit was toe die duiwel oordryf en suggereer dat hulle nie van enige boom mag eet nie, dat sy ook begin deur te oordryf en in vers 3 sê dat hulle nie net nie van die boom in die middel van die tuin nie mag eet nie, hulle mag selfs nie daaraan raak nie. God het dit nooit gesê nie – sy oordryf. In die proses is sy ook besig, soos die duiwel, om God as onredelik te beskryf, deurdat sy God as strenger voorhou as wat God was. Deurdat sy haar ore aan die duiwel uitgeleen het, het sy begin redeneer soos hy redeneer.
- Eva het ook haar eie oordeel meer vertrou as God se oordeel. In Gen 3:6 lees ons: “Die vrou sien toe dat die boom goed was om van te eet, dat dit 'n lus was vir die oog, en dat die boom begeerlik was om 'n mens insig te gee.” Alhoewel God gesê het hulle mag nie eet nie, alhoewel daar baie ander bome was goed om van te eet, besluit Eva om self te oordeel of sy van hierdie boom mag eet of nie. Haar oordeel was die vrugte is goed, en sy het geëet en ons moet aflei, in 'n sekere sin was haar oordeel reg – die vrugte was goed. Sy het nie siek geword of gesterf nie. Die probleem was egter dat haar oordeel beperk was tot die fisiese vrug se kwaliteit, terwyl God se opdrag oor baie meer gehandel het: God se opdrag was dat sy onvoorwaardelik aan Hom gehoorsaam moet wees. Sy het nie die diepte van God se opdrag verstaan nie, sy het bloot staat gemaak op haar eie insig en oordeel. En dit was

gebreklik – want sy het nie al die kennis gehad nie. Daarteenoor het God wel alle kennis, en het alles in wysheid geskep.

- Eva het ook haar eie begeertes en ambisies gehad wat sy graag sou wou sien realiseer. Vers 6 sê sy het gesien die vrugte van die boom kan insig gee – dit is tog aantreklik, is dit nie? Dit is selfs edel – ons as mense moet tog streef na steeds meer en meer insig, immers moet ons heers oor die aarde. En toe die duivel nog sê dat sy soos God kan word ... is dit nie die ideaal nie? Wat kan verkeerd wees daarmee om insig te bekom en soos God te word?

Die probleem met Eva se redenasie was natuurlik dat sy God se opdrag sou moes oortree om hierdie sogenaamde insig te kan bekom en soos God te word. Sodra dit die geval is dat ons God se opdrag moet oortree om een van ons ideale te bereik, moet ons versigtig wees. Onthou 1 Joh 2:15-16 – “Moenie die wêreld, of wat in die wêreld is, liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in hom nie, want alles in die wêreld – dit wat die liggaam begeer, en dit wat die oë begeer, arrogante spoggerij oor besittings – is nie uit die Vader nie, maar uit die wêreld.” Daar is baie begeerlike dinge in die wêreld waarna ek kan streef – maar as ek God se gebod moet oortree om dit te bekom, weerhou ek my daarvan. Wat Eva eerder moes onthou, is wat ons in Deut 8:3b lees: “... dat die mens leef van elke uitspraak uit die mond van die Here.” Die gevolg was: Eva het van die vrugte geneem, en geëet.

#### Die ongehoorsaamheid van Adam

In Gen 3:6b lees ons: “Sy het van die vrugte daarvan geneem en ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet”. Eva het ook van die vrugte vir Adam gegee – en hy het ook geëet. Let op, ons lees: “sy het ook vir haar man by haar gegee”. Dit blyk asof Adam teenwoordig was tydens die gesprek tussen Eva en die slang. Maar Adam het nooit iets gesê nie. Onthou: Adam was eerste geskep, Eva daarna uit Adam. Onthou: Adam was die hoof, Eva was sy helper. Maar in hierdie gebeure het Adam nie as die hoof opgetree nie – hy is tjoepstil, terwyl sy vrou met die duivel onderhandel. Hy waarsku haar nie. Hy herinner haar nie aan wat God gesê het nie. Hy strammel nie teë as sy eet nie. Trouens as sy vir hom van die vrugte gee – eet hy ook, sonder ‘n woord, sonder ‘n opinie. Hy word deur sy vrou gelei, en volg haar teen God se wil in sonder enige weerstand. Nie net was Adam laks in die sin dat hy nie as hoof sy vrou gekeer het in haar verkeerde optrede nie, hy was ook ongehoorsaam omdat hy geëet het van die boom waarvan God vir hom persoonlik gesê het hulle mag nie eet nie. Gaan lees weer Gen 2. Die opdrag om nie van hierdie boom te eet nie, was aan Adam gegee voordat Eva geskep was. Adam moes Eva hieroor ingelig het. Maar sonder enige weerstand, volg Adam vir Eva lynreg teen God se opdrag in.

Die oortreding van Adam gaan selfs verder as dit: In Gen 2:15 het die Here God vir Adam in die tuin geplaas, en vir Adam die opdrag gegee om die tuin te bewaak – soos wat ons al vantevore gesien het, tog sekerlik om die tuin te bewaak teen die duivel. Maar hier in Gen 3 is die duivel in die middel van die tuin (dit is waar die boom van kennis van goed en kwaad was) in gesprek met sy vrou besig om haar te oortuig om teen God se opdrag op te tree – en Adam sê niks, hy doen niks – behalwe om van die vrugte te neem en te eet.

Ons het laasweek al gesien wat die direkte gevolg was van hulle ongehoorsaamheid. Gen 3:7 sê: “Al twee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is.” Sien jy die ironie? Eva het gesien dat die vrugte van die boom begeerlik was om ‘n mens insig te gee – en toe hulle wel van die vrugte van die boom geëet het, het dit vir hulle insig gegee – hulle oë het oopgegaan en hulle het besef hulle is naak. Hulle besef hulle is naak in terme van daad van geregtigheid. Hulle besef hulle is naak, want hulle het nie die tuin effektief bewaak nie – die duivel is toegelaat om tot in die middel van die tuin te kom. Hulle besef hulle is naak, want hulle het hulle ore uitgeleë vir die redenasies van die

duiwel. Hulle besef hulle is naak, want hulle het ook begin om God se karakter in twyfel te trek. Hulle besef hulle is naak, want in plaas van om onvoorwaardelik gehoorsaam te wees aan God se direkte opdragte, het hulle eerder begeer om soos God te wil wees. Hulle besef hulle is naak, want hulle het nie hulle onderskeie rolle in hulle huwelik vervul nie. En nou is hulle skaam, en bang.

### Implikasies vir ons

Ek wil graag 'n paar implikasies uitlig wat vir ons relevant is. Die werkswyse van die duiwel is steeds dieselfde as destyds in die tuin van Eden: Hy gebruik steeds suggesties, halwe waarhede en volslae leuens om mense van God af te rokkel. Hy tas steeds die karakter van God aan, en argumenteer steeds dat God nie sal oordeel nie. Kyk maar net na die wêreld rondom ons:

- Daar word dikwels geredeneer alle godsdienste is gelyk en dien dieselfde god – immers diskrimineer God nie, word daar geredeneer. Dit is 'n volslae leuen – net Christus is die weg, die waarheid en die lewe.
- Daar word dikwels geredeneer die mens hoef nie te verander nie, nee, kom na God toe netsoos jy is. Dit is hoogstens 'n halwe waarheid – ja, alle mense kan na God toe kom, maar dan moet hulle tot bekering kom, hulle moet verander en streef na 'n heilige lewe, waarsonder niemand God sal sien nie.
- Daar word dikwels geredeneer God is 'n God van liefde wat Hom in besonder ontferm oor die uitgeworpenes van die samelewing – soos die armes, of die weduwees. Dit is grotendeels waar – maar dan moet hierdie armes en weduwees steeds tot geloof kom. Deesdae word die lyn egter dikwels verder getrek: God ontferm Hom juis oor uitgeworpenes soos lede van die LGBTQ gemeenskap. Weereens, daar is niks wat keer dat lede van hierdie gemeenskap nie deel kan word van God se koninkryk nie – maar, dan moet hulle tot geloof in Jesus kom, en moet hulle hulle bekeer van hulle sondige leefwyse.
- Dit word al meer tipies dat die begrip van sonde nie meer deel vorm van die gesprek selfs binne die kerk nie. Daar word geredeneer: die term “sonde” is so negatief, dit is so afbrekend – kom ons ignoreer dit. Gevolglik handel preke al minder hieroor. Gevolglik skuif die erns van sonde uit die fokus van godsdienstebeoefening. Gevolglik word daar ook nie meer gepraat oor God se oordeel nie – sien jy die ooreenkoms met wat die duiwel vir Eva gesê het: Julle sal beslis nie sterf nie? Dit is 'n volslae leuen. Die eerste saak wat die Bybel hanteer na die skepping, is die sondeval. Die res van die Bybel oor die versoening wat God vir sonde bewerk deur Jesus Christus. As jy nie meer oor sonde en die komende oordeel wil praat nie, is daar ook nie meer rede om oor Jesus Christus te praat nie.
- Eva het haar eie insig gebruik om te besluit dat die vrugte van die boom goed was en dat dit insig kan gee – dat dit kan bydra om haar lewe meer sinvol te maak, sy was oortuig dit kan selfs help dat sy soos God kon word. Sy was so seker dat sy selfs bereid was om God se opdrag te oortree. Vandag redeneer mense ook soos Eva: Ignoreer die opdrag om elke sewende dag te rus om gemeenskap met God te hê – hou eerder aan met werk en verbeter jou finansiële posisie. Werk in die eerste plek vir jou self – vir die realisering van jou ideale en drome, selfs al is dit ten koste van jou deelname in die kerk, of selfs al is dit ten koste van jou gesin. Werk aan jou selfbeeld, onthou: wat jy ook al wil bereik, kan jy bereik as jy net hard genoeg probeer. Wel, waar pas God se soewereine beskikking oor jou lewe in hierdie redenasies in? Is dit nie dieselfde as Eva wat soos God wou wees nie?
- Daar is 'n besondere waarskuwing hier aan ons wat getroude mans is. Hoe vergelyk ons met Adam? Laat ons ons vrouens toe om die leiding te neem – veral as dit by geestelike sake kom? Gee ons effektiewe lyding wat God se skeppingsopdragte in gedagte hou wanneer daar besluite in die gesin geneem moet word? Of is ons dan tjoepstil? Verstaan ons God se

openbaring aan ons, en lei ons ons gesinne daarin? Bewerk en bewaak ons die koninkryk van God, soos wat Adam die tuin moes bewerk en bewaak? Help ons om die duiwel uit ons huisgesinne te hou – sodat hy nie een die kans kry om ons gesin se denke te beïnvloed nie?

Eva het van die vrugte geneem, en geëet. Sy het ook van die vrugte vir Adam gegee. Adam het die vrugte geneem, en geëet. Al twee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is – hulle het misluk in God se doel met hulle. Hulle het nie aktief gewerk aan klere van geregtigheid nie. Maar, die Here God het vir Adam en Eva klere van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek. Die Here God het 'n paar duisend jaar later Sy Seun gestuur om vir hulle geregtigheid te bewerk, deurdat Hy naak aan die kruis gehang het – hulle naaktheid aan Hom toegereken, maar Sy dade van geregtigheid aan hulle toegereken. Op die aand voordat Hy naak aan die kruis gaan hang het, het Hy saam met Sy dissipels die pasga gevier. Hy het brood geneem, dit vir hulle gegee en gesê: “Neem, eet, dit is my liggaam”. Hy het die beker geneem en gesê: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed – die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes”. So het Hy ons naaktheid op Hom geneem, en Sy klere van geregtigheid aan ons toegereken. Kom, ons neem en eet dit en word geklee met Sy geregtigheid – eerder as die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad, wat ons net laat besef ons is naak.